Together we stand, better nation we build
Saamstaan ons, beter nasie bou ons

# Blitz Nuus

LONGACRES
GIVE, GROEI, PERSISTO


**2 Februarie** 2023 Nuusbrief 4




## Blitz pen

Ons Hoërskool se Weskus Atletiekbyeenkoms gaan Donderdag en Vrydag plaasvind. Ons wens al die leerders net die beste toe en ons weet hulle gaan ons naam hoog hou. Saterdag gaan ons Laerskool leerders aan die Saldanha sone atletiekbyeenkoms deelneem. Die opgewondenheid van die leerders is aansteeklik! Ons is ook baie opgewonde oor ons eerste inter-skole atletiekbyeenkoms wat Vrydag die 10de Februarie vir ons graad 8 -12 leerders gaan plaasvind.

## VERKEER



Ons vra die ouers mooi om asseblief, wanneer julle die skool in die oggende en middae verlaat, **LINKS** te draai. Dit help met veiligheid en om 'n opeenhoping van verkeer te verhoed.

Die spoedbeperkings op ons skoolgronde is 20km/h. Maak asseblief seker dat julle nie die spoedgrens oorskry nie, want dit is vir die veiligheid van ons leerders.




## SKOOLURE 2023

- Gr 1-12 leerders se skooldag begin 07:45.
- Gr 1-2 leerders verdaag daagliks om 13:00.
- Graad 3-12 leerders verdaag daagliks om 14:00.

**Belangrike datums:**

**Die week van die 6de Februarie begin ons met Dag 6 op die skoolrooster.**

## ATLETIEK 2023

**Die Saldanha Sone atletiekbyeenkoms vind Saterdag die 4de Februarie plaas.** Ons sal alleenlik na Saterdag kan bepaal watter leerders na die volgende byeenkoms deurgaan. Daar sal dan Maandag **GEEN** atletiekoefeninge plaasvind nie, die nuwe program sal so **gou as moontlik** uitgestuur word.

## KRIEKET

Die krieketoefeninge begin vanaf die 23ste Januarie. Ons eerste wedstryde is om die draai, so maak asseblief seker julle is by die oefeninge as julle in die span is!

**Maandae en Woensdae:**

Hoërskool Krieket


14:30 – 15:45

**Dinsdae en Donderdae**:

Laerskool Krieket

o/11 – 14:15 - 15:45

o /13 - 14:15 – 15:45



## Mini-Krieketoefening

**Maandae en Woensdae:**

**Graad 1-2:**
13:15 – 14:.00

**Graad 3:**
14:15 – 15:00

# SKOOLKWARTALE 2023

| Kwartaal | Duur van kwartaal | Aantal weke | Aantal publieke vakansiedae |
|---|---|---|---|
| 1 | (09) 11 Jan - 24 Mrt | 11 | 1+1 |
| 2 | (12)13 Apr – 23 Jun | 11 | 3+1 |
| 3 | (17)18 Jul – 29 Sept | 11 | 2 |
| 4 | 10 Okt – 13 (15) Des | 10 | 0 |

# STAPKAMP GR 4-7

**Aandag alle stappers!!!!!!!!!**

Dit is weer tyd om te gaan kamp. Ons gaan vanaf 24 - 26 Februarie Strandfontein toe en dit gaan hope pret wees. Briewe is by Juffrou Marietha beskikbaar.

# ATKV REDENAARS

***ATKV REDENAARS TEMAS VIR 2023:***


***DIE DATUM VAN DIE INTERNE REDENAARS HET VERANDER OMDAT DIE ATKV HULLE DATUMS VERANDER HET. ONS GAAN ONS INTERNE REDENAARS DIE 20ste Februarie 2023 AANBIED.***

- **Huistaal Graad 1 tot 3:**
- Kleur
- Speel
- Klein
- **Huistaal en Addisionele Taal Graad 4 en 5:**
- Flits
- Luister
- Klank
- **Huistaal en Addisionele Taal Graad 6 en 7:**
- Tradisie
- Reis
- Wedren
- **Huistaal en Addisionele Taal Graad 8 en 9 (Voorbereid):**
- Kruispad
- Angel
- Hutsmerk
- **Huistaal en Addisionele Taal Graad 10 tot 12 (Voorbereid):**
- Inklusief
- Bemagtig
- Ideologie





Ons wil graag teruggee aan die gemeenskap deur items aan Saldanha Dierebeskerming te skenk. Die items hoef nie nuut te wees nie, as daar iets is wat jy nie meer gebruik of nodig het nie, stuur dit asseblief! Ons waardeer julle deurlopende ondersteuning!




## Blitzraad & Sosiale Komitee

# JY IS GELIEFD

**Kaartjies vir die Valentynsdans is by Juffrou Lucinda beskikbaar.**







## READERS ARE LEADERS




**If your child is struggling with any of the following:**

- Reading speed
- Reading with comprehension
- Spelling, grammar or vocabulary

in **English Home Language or Afrikaans First Additional Language**, this program will be able to help him/her on their individual reading level.

**Spaces are filling up fast. Lessons start 23 January.**

**Contact Teacher Jaqueline on 084 207 3354**




**Sukkel u kind met:**

- Leesspoed
- Leesbegrip
- Spelling, Taal en woordeskat

**Afrikaans Huistaal Taal** of **English First Additional Language?** Hierdie leesprogram sal hom/haar help om 'n verbetering te toon op hul individuele leesvlak.

**Spasies vul vinnig op. Lesse begin 23 Januarie.**

**Kontak vir Juffrou Jaqueline 084 207 3354**

## KUNSTOER 2024

| **KUNSTOER NA ITALIë IN 2024** | | |
|---|---|---|
| Kunsliefhebbers wat belangstel om op die toer te gaan, moet my asseblief kontak om 'n plek te verseker. Jy moet lang afstande kan stap. | Die begroting vir die toer per persoon is R44 000, betaalbaar in 19 paaiemente. (Sept 2022 tot Mei 2024) | **R2 320 per maand** (1st paaiement is 'n deposito en dis nie terug betaalbaar nie.) |
| **Wat is by die prys ingesluit?** | | |
| **KONTAK**<br><br>**Lientjie Blok**<br>**(LB Kuns sentrum)**<br><br>**082 878 0008** | Retoervliegkaartjies vanaf Kaapstad na Venesië en terug van Rome na Kaapstad.<br>Lughawebelasting<br>Stadsbelasting vir elke stad.<br>Akkomodasie<br>Ingangsfooie vir besienswaardighede. | |

| | |
|---|---|
| Lientjie@imaginet.co.za | Hoof treinspoorfooie tussen stede (Venesië; Florence; Pisa en Rome)<br>Visa en Capago fooie |
| **Fase 1**<br>Hoof besienswaardighede | **3 dae in Venesië**<br>Jaarlikse Biennale wêreldwye uitstalling<br>St. Marko Basilica<br>Dodges palace<br>Toer na Murano, Burano en Torcello eilande per boot. |
| **Fase 2**<br>Hoof besienswaardighede | **3 dae in Florence**<br>Florence katedraal<br>Giotto's campanile<br>Palazzo Vecchio<br>Uffici Paleis en museum<br>Galleria del Accademia<br>Leaning tower of Pisa |
| **Fase 3**<br>Hoof besienswaardighede | **4 dae in Rome**<br>Sistine Chapel<br>St Peter's Basilica<br>Kollosseum<br>Trevi Fountain<br>Pantheon<br> |

## Coast 2 Coast

**Siftingstoetse: 13 & 14 Maart 2023**


Ankia Greyling
Practice Manager
West Coast
Coast 2 Coast Hearing
Excellence in Hearing ......... No Compromise
079 0987 444 admin@c2chearing.co.za

# 3 MAANDE KENNIS

Alle ouers moet 3 maande kennis gee as die kinders die skool gaan verlaat.

Ek het ‘n oopdeur beleid en vra vriendelik dat ouers eers met my ‘n vergadering reël,

voordat u formeel kennis gee.

**Vriendelike groete,**

**Mnr Edmund Barkhuysen**

**Skoolhoof**

**hoof@longacresps.co.za**

# CCTV KENNISGEWING

Longacres is onder 24h CCTV bewaking vir die veiligheid van die leerders en opvoeders. Hierdie toesig word gedoen in ooreenstemming met toepaslike Nasionale Wetgewing en vereistes om die privaatheid en integriteit van leerders, werknemers en algemene publiek, wat die Longacres perseel binnekom, te verseker.



# HUISWERKSENTRUM

## Die huiswerksentrum vir 2023 sal as volg wees:

**Graad 1 - Ellisia Steyn selfoon 076 170 9705**

**Graad 2 – Sarita Rossler selfoon 082 923 7188**

**Graad 3 & 4 - Erika Theunissen selfoon 072 010 2655**

**Graad 5 - 7 en Saldanha Bus – Erika Theunissen selfoon 072 010 2655**

**Graad 4 - 7 Vredenburg Bus – Sorika Loubser selfoon 082 312 7005**

**Graad 8 - 12 en Velddrif Bus - Erika Theunissen selfoon 072 010 2655**

**Buite toesig vanaf 16:00 Graad 1 - 3 (Ellisia)**

**Toesig vanaf 16:00 Graad 4 - 12 (Sorika en Erika)**

**Die grondslagfase sal aan die linkerkant van die rugbyveld speel en die Seniorfase sal aan die regterkant van die rugbyveld speel.**

**Alle leerders moet asseblief hulle eie potlood, liniaal en uitveër bring.**